 - (m) sorg dat die name en kontakbesonderhede van die persone wat in beheerliggame verkies word op die tersaaklike vorms aangebring en binne sewe dae na die verkiesing deur die skoolhoof by die distrikskantoor ingedien word;
 - (n) sorg dat die tersaaklike datavorm binne sewe dae na die eerste vergadering waar ampsdraers verkies word van die skoolhoof ontvang en by die distrik ingedien word;
 - (o) verkiesingsgeskille besleg wat nie op skoolvlak besleg kon word nie;
 - (p) 'n databasis van nuwe beheerliggame opstel en dit by die provinsiale verkiesingskoördineerder indien; en

- (q) 'n skriftelike distriksverslag oor die verkiesings opstel en dit by die provinsiale verkiesingskoördineerder indien.
- (3) Die adjunk- en die assistentdistrikskiesbeampte sal die distrikskiesbeampte in die uitvoering van sy of haar werksaamhede bystaan.
- (4) Die adjunk- en die assistentdistrikskiesbeampte kan die distrikskiesbeampte oor enige kwessies ten opsigte van die verkiesings adviseer.

Aanstelling van skoolkiesbeampte

8. (1) Die Departementshoof moet skriftelik 'n skoolkiesbeampte aanstel vir die verkiesing van ouers, opvoeders, 'n nie-opvoeder en VRL-leerders in die beheerliggaam van 'n openbare skool.
- (2) 'n Skoolhoof mag nie as skoolkiesbeampte aangestel word vir die skool waar hy of sy die hoof is nie.
- (3) Die skoolkiesbeampte moet skriftelik een of meer amptenare of opvoeders in diens van die Departement of die skoolbeheerliggaam aanstel om gedurende die verkiesing as assistentkiesbeamptes bystand te verleen.
- (4) Die skoolkiesbeampte moet vir die volle duur van die ampstermyn van die verkose skoolbeheerliggaam as voorsitter optree by alle verkiesingsvergaderings, waaronder tussenverkiesings en die verkiesing van ampsdraers. In uitsonderlike gevalle waar die skoolkiesbeampte egter nie beskikbaar is om as voorsitter by 'n verkiesingsvergadering op te tree nie, moet die Departementshoof skriftelik 'n ander skoolkiesbeampte vir daardie bepaalde verkiesingsvergadering aanstel.
- (5) Die skoolkiesbeampte en assistentskoolkiesbeampte mag nie 'n kandidaat of 'n voorsteller of sekondant van 'n kandidaat wees nie.
- (6) Die pligte van 'n skoolkiesbeampte is onder andere om —
- in oorleg met die skoolhoof te sorg dat 'n kennisgewing met die besonderhede van die datum, tyd en plek van die benoeming- en verkiesingsvergadering opgestel en deur die skoolhoof versprei word;
 - te sorg dat daar 'n geskikte lokaal vir die benoeming- en verkiesingsvergadering is;
 - te sorg dat die skoolverkiesingspan die voorgeskrewe verkiesingsproses ken en aan die tersaaklike wetgewing voldoen;
 - te sorg dat alle persone gemoeid met die verkiesing 'n eed of vertroulikheidsooreenkoms onderteken in 'n vorm wat die Departementshoof bepaal voordat sodanige persone hulle toegewese werksaamhede verrig;
 - tussenbeide te tree in enige geskille op die verkiesingsdag en dit te probeer besleg; en
 - die verkiesingsuitslae by die distrikskantoor in te dien.

Aanvaarbare gedragstandaard vir provinsiale, distriks- en skoolkiesbeamptes

9. (1) Nieteenstaande die aanvaarbare gedragstandaard, bevoegdhede en pligte waarvoor die Wet en ander tersaaklike wetgewing en beleide voorsiening maak, moet die provinsiale, distriks- en skoolkiesbeamptes—
- eerlik en waardig optree;
 - onpartydig optree;
 - vertrou wees met die verkiesingsproses en tersaaklike wetgewing;
 - die verkiesing ooreenkomstig provinsiale voorskrifte uitvoer;
 - met skoolbestuurders en lynbestuur saamwerk;
 - die stemproses op 'n billike en regverdige manier bestuur;
 - probleme wat dalk opduik op 'n beleefde manier hanteer;
 - hoflik en pligsgetrou wees;
 - nie hulle bevoegdhede oorskry nie; en
 - sorg dat die voorskrifte van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013) te alle tye in die verwerking van persoonlike inligting nagekom word.
- (2) Die gedrag van amptenare van die Departement wat as kiesbeamptes aangestel word, val onder die tersaaklike departementele wetgewing en beleide wat op hulle indiensneming van toepassing is.

Kieserslys

10. (1) Die skoolhoof moet 'n afsonderlike kieserslys vir ouers, opvoeders, nie-opvoeders en VRL-leerders opstel.

- (2) Die kieserslys moet soos volg saamgestel word —
- (a) Die kieserslys vir ouers moet uit die skooltoelatingsregister opgestel word. Stemgeregtigde kiesers is daardie persone wat in die toelatingsregister verskyn, persone wat kan bewys dat hulle ouers is soos wat die Wet dit omskryf, en wat aan die kriteria in subklousule (3) voldoen. Slegs twee ouers per leerder mag stem.
 - (b) Die kieserslys vir opvoeders moet bestaan uit alle opvoeders in diens by die skool.
 - (c) Die kieserslys vir nie-opvoeders moet bestaan uit alle nie-opvoeders in diens by die skool.
 - (d) Die kieserslys vir leerders moet uit alle lede van die VRL bestaan.
- (3) Die skoolhoof moet die volgende riglyne in ag neem in die bepaling van bewys van ouerskap ten opsigte van die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van die biologiese of aanneemouer, die wettige voog of die persoon met wettige aanspraak op sorg vir die leerder in omstandighede waar die leerder se ouers nog leef —
- (a) Die redes waarom die persoon onderneem om die verpligtinge na te kom van 'n ouer soos wat die Wet dit omskryf
 - (b) Die persoon by wie die leerder woon
 - (c) Die ligging van die huis van die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van die biologiese of aanneemouer, die wettige voog of die persoon met wettige aanspraak op sorg vir die leerder
 - (d) Die afstand tussen die huis van die persoon in subklousule (3)(c) en die skool
 - (e) Die verpligtinge moet verder as finansiële bystand strek, en daar moet ook oorweging geskenk word aan die verpligtinge ten opsigte van die leerder se opvoeding en die daaglikse versorging en steun wat aan die leerder voorsien word.
 - (f) Die algehele betrokkenheid en verantwoordelikheid van die persoon wat onderneem om die verpligtinge in subklousule (3)(c) ten opsigte van die leerder na te kom
 - (g) Indien die leerder ander broers of susters in die skool het, moet daar oorweging geskenk word aan wie as sodanige sibbe se ouers optree. Die inligting wat ten opsigte van die ander sibbe voorsien is, moet met die inligting vir die betrokke leerder vergelyk word.
 - (h) Die verwantskap tussen die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ouer na te kom, en die leerder
 - (i) Waar dit moontlik is, moet die skoolhoof 'n redelike ondersoek in die gemeenskap onderneem om te bepaal wie die gemeenskap as die ouer beskou.
 - (j) Enige ander redelike verklaring waarom die persoon onderneem om die verpligtinge van ouer na te kom
 - (k) Elke geval moet op meriete hanteer word, en die skoolhoof moet sorg dat besluite oor die aanvaarding van enige persoon as 'n ouer konsekwent is.
- (4) Die skoolhoof moet ten minste 14 dae voor die verkiesingsvergadering 'n brief en die tersaaklike vorms saam met die leerders huis toe stuur waarin die ouers in kennis gestel word van die verkiesingsvergadering en genooi word om die kieserslys na te gaan en hulle inligting by te werk indien dit nodig is.
- (5) Slegs die skoolhoof mag wysigings aan die kieserslys magtig.
- (6) Almal wat kandidate benoem en sekondeer én die benoemdes self moet op die kieserslys vir hulle onderskeie beheerliggaamkomponente verskyn.
- (7) Enige bywerkings of navrae oor die kieserslys moet ten minste sewe dae voor die verkiesingsdatum na die skoolhoof verwys word aangesien die skoolkiesbeampte nie op die dag van die verkiesing enige navrae oor die kieserslys sal hanteer nie.

Kennisgewing van 'n benoeming- en verkiesingsvergadering

11. (1) Die hoof van die skool wat 'n verkiesingsvergadering hou, moet kiesers se gerief in ag neem wanneer kennisgewings met die datum, tyd en plek van die benoeming- en verkiesingsvergadering opgestel word.
- (2) Die verkiesing van die opvoeder-, nie-opvoeder- en VRL-komponente moet die verkiesing van die ouerkomponent voorafgaan.
- (3) Die skoolhoof moet ten minste 14 dae voor die datum van die eerste verkiesingsvergadering afskrifte van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering uitstuur.

- (4) Die skoolhoof moet sorg dat —
- (a) hy of sy 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering vir ouers aan elke leerder by die skool oorhandig met die opdrag om die kennisgewing aan hulle ouers te gee;
 - (b) hy of sy 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering vir opvoeders aan die opvoeders oorhandig;
 - (c) hy of sy 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering vir nie-opvoeders aan die nie-opvoeders oorhandig;
 - (d) hy of sy 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering vir die VRL-komponent aan elke lid van die VRL oorhandig;
 - (e) afskrifte van sodanige kennisgewing op 'n opvallende plek by die skool en op gepaste en opvallende plekke in die gemeenskap vertoon of aangebring word; en
 - (f) hy of sy die kennisgewing versprei op enige manier wat die skool gewoonlik gebruik om te kommunikeer en wat vir die skool werk, wat kan insluit die gebruik van WhatsApp-boodskappe, D6 Communicator of D6 Connect, met dien verstande dat die metode wat gebruik word geen lede van die skoolgemeenskap sal benadeel nie.
- (5) Die skoolhoof moet toesien —
- (a) dat die kennisgewings in die skool se onderrigtaal en, waar dit prakties uitvoerbaar is, in die leerders se huistaal is; en
 - (b) dat alle ouers aangemoedig word om aan die verkiesing deel te neem.
- (6) Indien 'n nuwe skool in die loop van die beheerliggaam se termyn tot stand gebring word, moet die verkiesingsvergadering van die nuwe skool binne 60 dae na die totstandkoming van die skool gehou word.

Stemreg

- 12.(1) Elke ouer wie se naam op die kieserslys verskyn —
- (a) is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam te stem; en
 - (b) het een stem ten opsigte van elke benoemde, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouerlede wat verkies moet word.
- (2) Elke opvoeder, waaronder die skoolhoof, in diens by die skool —
- (a) is daarop geregtig om vir opvoederlede te stem; en
 - (b) het een stem ten opsigte van elke benoemde, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal opvoederlede wat verkies moet word.
- (3) Elke nie-opvoeder by die skool —
- (a) is daarop geregtig om vir 'n nie-opvoeder te stem; en
 - (b) het een stem.
- (4) Indien die skool slegs een nie-opvoeder het, word daardie nie-opvoeder tot behoorlik verkose beheerliggaamlid verklaar.
- (5) Elke lid van die VRL —
- (a) is daarop geregtig om vir leerderlede te stem; en
 - (b) het een stem ten opsigte van elke benoemde, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal leerderlede wat verkies moet word.
- (6) Geen volmagstemme word toegelaat nie.

Kworum vir 'n benoeming- en verkiesingsvergadering

13. (1) 'n Kworum van 15% van kiesers op die kieserslys moet aanwesig wees voordat die benoeming- en verkiesingsvergadering kan voortgaan.

- (2) Indien die kworum in subklousule (1) nié aanwesig is nie —
 - (a) moet die vergadering verdaag en 'n tweede vergadering vir 'n ander datum ten minste sewe en hoogstens 14 dae na die datum van die verdaagde vergadering gereël word; en
 - (b) moet die skoolhoof aan die prosedure in klousule 11(4)(a) tot (f) voldoen.
- (3) Die skriftelike benoemings wat voor die eerste, verdaagde vergadering ontvang is, sal saam met enige verdere skriftelike benoemings by die tweede vergadering oorweeg word.
- (4) Die kennisgewing van die tweede vergadering moet bepaal dat geen kworum vereis word om met die tweede vergadering voort te gaan nie.

Benoemings vir 'n verkiesingsvergadering

- 14.(1) Die skoolkiesbeampte moet skriftelik 'n assistentskoolkiesbeampte aanstel om as sekretaris van die vergadering op te tree en die verrigtinge te notuleer.
- (2) Die skoolkiesbeampte mag nie toelaat dat enige nie-stemgeregtigde persoon buiten verkiesingsmonitors en die assistentskoolkiesbeamptes 'n vergadering bywoon of dat enige persoon wat nie ingevolge klousule 2 as 'n kandidaat in aanmerking kom, verkies word nie.
- (3) Die skoolkiesbeampte moet kiesers versoek om bewys van identiteit te lewer in die vorm van 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of -kaart, 'n geldige paspoort, of bewys van tydelike of permanente verblyfreg vir nie-Suid-Afrikaanse burgers.
- (4) Voordat daar tot die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam oorgegaan word, moet die skoolkiesbeampte die volgende onder kiesers se aandag bring —
 - (a) dat die ampstermyn van die huidige skoolbeheerliggaam verstryk het en dat lede amptelik in kennis gestel is;
 - (b) dat die verkiesingsvergadering 'n geslote vergadering is;
 - (c) dat klousule 5 'n persoon ongeskik maak vir lidmaatskap van 'n beheerliggaam;
 - (d) die getal persone wat verkies moet word;
 - (e) dat elke benoeming geskondeer moet word deur 'n ouer, opvoeder, nie-opvoeder of 'n leerder uit die VRL, na gelang van die geval, welke sekondant stemgeregtig moet wees;
 - (f) dat kiesers moet aandag skenk aan verteenwoordiging wanneer hulle benoemings maak, en moet sorg dat benoemings verteenwoordigend is van gender- en rassediversiteit sowel as persone met gestremdhede, waar dit moontlik is;
 - (g) dat 'n kieser een stem het vir elke vakature wat gevul moet word;
 - (h) dat die verkiesing deur geheime stemming geskied; en
 - (i) dat daar 'n griewe-prosedure bestaan soos wat klousule 29 beoog.
- (5) Die skoolkiesbeampte moet gedurende die benoemingsfase —
 - (a) die tyd vir benoemings bepaal en toeken;
 - (b) die kiesers van die toegekende tyd in kennis stel;
 - (c) genoeg tyd vir die benoeming van kandidate toelaat; en
 - (d) aandui wanneer die tyd vir benoemings verstreke is.
- (6) 'n Persoon kan in sy of haar afwesigheid benoem word, met dien verstande dat dat —
 - (a) die voorsteller en sekondant van die benoemde aanwesig is by die vergadering en 'n benoemingsvorm voltooi; en
 - (b) die benoemde 'n skriftelike bevestiging van aanvaarding van die benoeming aan die skoolhoof stuur.
- (7) Die skoolkiesbeampte moes binne sewe dae voor die verkiesingsvergadering 'n benoemingsvorm ontvang het wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en benoemde voltooi is.
- (8) Nieteenstaande subklousule (7) kan 'n kandidaat skriftelik by die verkiesingsvergadering benoem word deur—
 - (a) 'n ouer van 'n leerder wat by die skool ingeskryf is, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(a);
 - (b) 'n opvoeder in diens by die betrokke skool, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(b);
 - (c) 'n nie-opvoeder in diens by die betrokke skool, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(c);
 - (d) 'n leerder uit die VRL ingevolge klousule 4(d),

met dien verstande dat 'n ander ouer, opvoeder, nie-opvoeder of VRL-leerder, na gelang van die geval, die voorstel sekondeer, en dat die **benoemde, indien** hy of sy afwesig is, skriftelik aan die vergadering kommunikeer dat hy of sy bereid sou wees om in die beheerliggaam te dien indien hy of sy verkies word.

- (9) 'n Skooldiesbeampste moet —
- (a) 'n persoon wat 'n kandidaat benoem het 'n geleentheid gun om die kandidaat aan die vergadering voor te stel en redes vir die benoeming te verstrek; of
 - (b) 'n benoemde toelaat om hom- of haarself aan die vergadering voor te stel.
- (10) Die skooldiesbeampste moet gedurende die benoemingsfase alle benoemings oorweeg en die benoeming verwerp van enige kandidaat wat —
- (a) nie ooreenkomstig hierdie klousule benoem is nie;
 - (b) nie ingevolge klousule 5 geskik is vir benoeming nie; of
 - (c) nie die benoemingsvorm voltooi het nie, tensy die kandidaat die skooldiesbeampste van 'n skriftelike bewys voorsien dat sodanige benoemde bereid sal wees om in die beheerliggaam te dien en dat hy of sy aan die geskiktheidsvereistes voldoen.
- (11) Die skooldiesbeampste moet die name aankondig van die benoemdes wie se benoemings aanvaar is, en moet toesien dat benoemingsvorms voltooi word.
- (12) Indien die totale getal benoemdes wie se benoemings aanvaar is —
- (a) minder is as die getal lede wat in die betrokke kategorie vereis word, moet 'n nuwe vergadering belê word waar bykomende benoemdes benoem word, welke nuwe vergadering minstens sewe dog hoogstens 14 dae na die eerste benoemingsvergadering moet plaasvind;
 - (b) gelyk is aan die getal lede wat in die betrokke kategorie vereis word, moet die kiesbeampste elke aanvaarde benoemde tot 'n behoorlik verkose lid verklaar; of
 - (c) die getal vakatures oorskry, moet die skooldiesbeampste onmiddellik ná die sluiting van benoemings die kandidate se name aanbring op 'n geskikte bord of enige ander oppervlak wat duidelik en sigbaar is vir alle aanwesiges by die vergadering en stembriewe voorberei.
- (13) In 'n skool waar daar slegs een nie-opvoeder is, moet die skooldiesbeampste die nie-opvoeder in kennis stel dat hy of sy —
- (a) behoorlik in die beheerliggaam verkies is; en
 - (b) die nodige verkiesingsvorms moet voltooi.

Stemming by die verkiesingsvergadering

- 15.(1) Elke kieser het een stem vir elke vakature in die beheerliggaam wat gevul moet word.
- (2) Die skooldiesbeampste moet stembriewe voorberei en moet —
- (a) sorg dat elke stembrief die skool se stempel of 'n ander onderskeidende kenmerk op het wat keer dat daar met die stembriewe gepeuter word; en
 - (b) verduidelik hoe die stemproses werk, die maksimum getal benoemdes vir wie daar gestem moet word, en hoe om 'n stem uit te bring deur hetsy 'n kruis (x) te maak, nommers te gebruik of name neer te skryf.
- (3) 'n Aanwesige kieser moet die naam of name van sy of haar voorkeurdokumente of -kandidate aandui op die stembrief wat die skooldiesbeampste ingevolge subklousule (2)(b) voorsien.
- (4) 'n Stemgeregtigde persoon moet sy of haar stem in die geheim op die stembrief aanbring en die toegevoegde stembrief in 'n bus of 'n ander verseëde houër plaas wat vir dié doel voorsien word.
- (5) 'n Persoon wat nie sy of haar stem op die stembrief kan aandui soos wat subklousule (3) beoog nie, kan 'n mondelinge versoek om bystand aan die skooldiesbeampste of die assistentskooldiesbeampste rig om sy of haar stem langs die toepaslike kandidaat op die stembrief te merk.

- (6) Die skoolkiesbeampte moet, in die teenwoordigheid van die assistentskoolkiesbeampte, bystand verleen aan enige persoon met 'n gestremdheid of enige persoon wat om watter rede ook al nie sy of haar stem kan aandui nie.
- (7) Die versoek om bystand en die voltooiing van die stembrief wat in subklousule (5) beoog word, moet privaat geskied en op 'n plek wat die skoolkiesbeampte vir daardie doel identifiseer, maar binne die area waar stemming plaasvind.
- (8) Indien 'n stembrief bederf word wanneer 'n persoon sy of haar stem uitbring, moet die kiesbeampte —
 - (a) die persoon van 'n nuwe stembrief met dieselfde nommer as die bedorwe stembrief voorsien en die woord '*duplikaat*' op die nuwe stembrief aanbring;
 - (b) die bedorwe stembrief bewaar en dit duidelik as '*bedorwe*' merk;
 - (c) alle bedorwe stembriewe op die tersaaklike templaar aanteken; en
 - (d) die rekord van bedorwe stembriewe en die bedorwe stembriewe self saam met die ander verkiesingsdokumente bewaar.
- (9) Die skoolkiesbeampte moet 'n stembrief verwerp —
 - (a) wat nie die skool se stempel of ander onderskeidende kenmerk bevat soos wat subklousule (2)(a) beoog nie;
 - (b) wat meer kruise (x) op het as die getal vakatures in die beheerliggaam;
 - (c) wat die naam bevat van 'n persoon of persone wat nie benoem is nie; of
 - (d) wat so voltooi is dat dit onduidelik is vir watter benoemde(s) 'n stem uitgebring is.
- (10) Nadat alle kiesers hulle stemme uitgebring het, moet die skoolkiesbeampte en die assistentskoolkiesbeampte die stemme tel in die teenwoordigheid van drie waarnemers wat deur die aanwesiges by die vergadering aangestel is om die telproses waar te neem.
- (11) In geval van 'n staking van stemme tussen kandidate ná 'n verdere stamsessie moet die skoolkiesbeampte die wenner bepaal deur 'n munt op te skiet, en —
 - (a) moet die kandidate gevra word om tussen kruis en munt te kies;
 - (b) is die kandidaat wat reg kies die wenner; en
 - (c) moet hierdie uitklopproses openlik en met die instemming van die aanwesige kandidate gevolg word.
- (12) Die skoolkiesbeampte moet die verkiesingsuitslag by die verkiesingsvergadering aankondig en die kandidate wat die meeste stemme ontvang het tot verkose lede van die beheerliggaam verklaar.
- (13) Die getal stemme wat 'n persoon in hierdie verkiesing ontvang, bepaal nie die uitkoms van die verkiesing van ampsdraers wat ingevolge klousule 17 geskied nie.
- (14) Die skoolkiesbeampte moet die leerders na artikel 32 van die Wet verwys, wat die status van minderjariges in die beheerliggaam uiteensit.

Identifisering van Aangewese Lede

- 16.(1) Die skoolhoof moet 21 dae voor die verkiesingsdatum die aanhangsel met die uiteensetting van die samestelling van die beheerliggaam soos wat bylae A beoog by die distrikskiesbeampte indien.
- (2) Die skoolhoof moet 14 dae voor die verkiesingsdatum 'n skriftelike uitnodiging rig aan die volgende organisasies of persone om 'n vergadering by te woon vir die aanwysing van verteenwoordigers ooreenkomstig klousule 4(g) tot (i) —
 - (a) Verteenwoordigers van 'n borgliggaam of -liggame, indien van toepassing
 - (b) Verteenwoordigers van organisasies vir ouers van leerders met spesiale behoeftes, indien van toepassing
 - (c) Verteenwoordigers van organisasies vir persone met gestremdhede, indien van toepassing
 - (d) Een of meer persone met gestremdhede wat aangewys word deur persone met gestremdhede in die gemeenskap, indien van toepassing
 - (e) Een of meer kenners op toepaslike terreine van spesialebehoefteonderwys
- (3) Die skoolkiesbeampte moet as voorsitter optree en die verrigtinge by die vergadering in subklousule (2) bestuur.

- (4) Die skoolkiesbeampte moet by die vergadering versoek dat —
 - (a) organisasies wat by die vergadering aanwesig is verteenwoordigers identifiseer om ingevolge die aanhangsel waarna subklousule (1) verwys in die beheerliggaam te dien;
 - (b) die organisasie hom of haar voorsien van die volle besonderhede van die aangewese persoon, waaronder die naam, adres, kontaknommer en e-posadres;
 - (c) indien 'n aangewese lid se lidmaatskap van die organisasie sou eindig, die organisasie:
 - (i) die beheerliggaam skriftelik van die lid se status moet verwittig;
 - (ii) die lid se aanwysing skriftelik moet terugtrek;
 - (iii) terselfdertyd skriftelik 'n ander verteenwoordiger moet aanwys; en
 - (iv) skriftelik sodanige ander verteenwoordiger se naam en volle besonderhede moet voorsien waarna subklousule (4)(b) hier bo verwys; en
 - (d) meer as een kenner aangewys kan word, na gelang van die skool se behoeftes.
- (5) Die vergadering in subklousule (2) hier bo moet die ouers se verkiesingsvergadering voorafgaan.
- (6) Die totale getal aangewese lede ingevolge subklousule (2) mag nie vyf oorskry nie.
- (7) Die skoolkiesbeampte moet by ontvangs van die besonderhede van aangewese lede ingevolge subklousule (2), en nadat die skoolkiesbeampte hom of haar daarvan oortuig het dat 'n aangewese lid sy of haar aanwysing as 'n lid van 'n beheerliggaam aanvaar, elke aangewese lid onverwyld en skriftelik van sy of haar aanwysing as 'n lid van 'n beheerliggaam in kennis stel.

Verkiesing van ampsdraers

- 17.(1) Die skoolkiesbeampte kan op die dag van die ouers se verkiesingsvergadering 'n vergadering belê vir die uitsluitlike doel om ampsdraers te kies indien —
 - (a) die kennisgewing van 14 dae wat ingevolge klousule 11(3) aan ouers, opvoeders, nie-opvoederlede en leerders van die VRL gestuur is, genoem het dat die vergadering vir die verkiesing van ampsdraers op dieselfde dag as die ouerverkiesing sal plaasvind; en
 - (b) daar aan die kworumvereistes van die eerste vergadering voldoen is.
- (2) Indien die vergadering om ampsdraers te kies, nie ingevolge subklousule (1) gehou word nie, moet die skoolkiesbeampte die eerste vergadering van die beheerliggaam binne sewe dae na die datum van die ouerverkiesingsvergadering hou.
- (3) Die skoolkiesbeampte moet as voorsitter optree by alle vergaderings wat vir die verkiesing van ampsdraers gehou word.
- (4) Voordat ampsdraers verkies word, moet die skoolkiesbeampte die lede van die beheerliggaam bewus maak—
 - (a) van ampsdraers se verantwoordelikhede; en
 - (b) van die behoefte om seker te maak dat verkose ampsdraers verteenwoordigend is.
- (5) By die eerste vergadering van 'n beheerliggaam kies die lede deur geheime stemming 'n —
 - (a) voorsitter;
 - (b) ondervoorsitter;
 - (c) tesourier; en
 - (d) sekretaris.
- (6) Slegs 'n ouerlid wat nie by die skool in diens is nie kan as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam verkies word.
- (7) Eggenote, sibbe en naverwante mag nie tegelyk as ampsdraers in die beheerliggaam dien nie.
- (8) Die ampstermyn van ampsdraers is een jaar.
- (9) Wanneer ampsdraers se ampstermyn verstryk, moet die skoolkiesbeampte die verkiesing van ampsdraers vir die volgende termyn behartig.
- (10) 'n Ampsdraer kan ná die verstryking van die ampstermyn herkies word.

- (11) Die skoolhoof kan op die beheerliggaam se versoek 'n lid van sy of haar personeel aanwys om die tesourier en sekretaris van die beheerliggaam by te staan.
- (12) Indien die amp van enige van die ampsdraers om watter rede ook al vakant word, moet die beheerliggaam by die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het een van sy lede kies om die vakature vir die res van die uittredende persoon se ampstermyn te vul.
- (13) Die skoolhoof moet die Departementshoof binne 14 dae ná die verkiesing en met ampsdraers se toestemming van die nuwe ampsdraers se besonderhede voorsien, waaronder name, identiteitsnommers, telefoon- of selfoonnommers, faksnommers, adresse en e-posadresse, na gelang van wat toepaslik is. Die Departement sal sodanige inligting ooreenkomstig die voorskrifte van POPIA hanteer.

Oorhandigingsproses

- 18.(1) Die skoolhoof, as die Departementshoof se verteenwoordiger in die beheerliggaam, moet die oorhandigingsproses binne 14 dae na die verkiesing van ampsdraers behartig.
 - (2) Die uittredende ampsdraers van die skoolbeheerliggaam moet alle dokumente ten opsigte van die beheerliggaam aan die nuwe ampsdraers oorhandig.
 - (3) 'n Goedgekeurde oorhandigingsertifikaat wat alle dokumente vir oorhandiging aandui, moet uitgereik en deur sowel die uittredende as nuwe voorsitter, die skoolhoof en die kringbestuurder onderteken word.
 - (4) Die kringbestuurder moet sorg dat alle skole waarvoor hy of sy verantwoordelik is binne 14 dae na die verkiesing van ampsdraers die oorhandigingsproses onderneem en dat alle behoorlik voltooide oorhandigingsertifikate by die distrikskiesbeampte ingedien word.

Afwyking van die Benoeming- en Verkiesingsproses

- 19.(1) Indien 'n beheerliggaam om afdoende redes nie die benoeming- en verkiesingsproses in hierdie kennisgewing volg nie, moet die beheerliggaam by die Departementshoof aansoek doen om 'n afwyking van die gewone benoeming- en verkiesingsproses en die voorskrifte in hierdie kennisgewing volg.
 - (2) Die beheerliggaam kan om 'n afwyking aansoek doen vir hetsy 'n voldag- of 'n e-verkiesing.
 - (3) Die Departementshoof moet sodanige aansoek toestaan indien dit ten volle gestaaf is en die Departementshoof daarvan oortuig is dat dit die enigste tipe verkiesingsproses is wat die skool vir sy verkiesing moet volg.
 - (4) Indien 'n beheerliggaam die Departementshoof se toestemming ontvang om van die gewone benoeming- en verkiesingsproses af te wyk, verhinder dit nie die beheerliggaam om vir tussenverkiesings na die gewone benoeming- en verkiesingsproses terug te keer nie.

Voldagverkiesing

- 20.(1) 'n Skool kan om afdoende redes en volgens 'n resolusie van sy beheerliggaam besluit om 'n voldagverkiesing eerder as 'n verkiesingsvergadering te hou indien —
 - (a) die afwyking in die skoolgemeenskap se belang sal wees en maksimum kieserdeelname aan die stemproses sal teweegbring;
 - (b) die afwyking nie onbillik teen enige kieser of groep kiesers sal diskrimineer nie; en
 - (c) daar voldoende voorsiening gemaak word vir die benoemingsproses.
- (2) Waar 'n skoolbeheerliggaam op 'n voldagverkiesing besluit, moet die skoolhoof —
 - (a) minstens 21 dae voordat 'n kennisgewing van verkiesing uitgestuur word skriftelik by die Departementshoof aansoek doen om toestemming om 'n voldagverkiesing te hou;
 - (b) afdoende redes verstrek vir die keuse van 'n voldagverkiesing in plaas van 'n verkiesingsvergadering;
 - (c) bewys lewer van die beskikbaarheid van monitors en 'n verkiesingspan vir die volle duur van die verkiesingsdag;
 - (d) bewys lewer van die beskikbaarheid van hulpbronne om die benoeming- en verkiesingsproses die hele dag lank te volg; en
 - (e) bewys lewer dat die onderrig- en leerproses by die skool nie as gevolg van 'n voldagverkiesing onderbreek of mee ingemeng sal word nie.

- (3) Voordat die Departementshoof enige skool toelaat om 'n voldagverkiezing te hou, moet hy of sy die bepalings van subklousule (2) oorweeg en hom of haar daarvan oortuig dat die skool die betrokke vereistes nagekom het.
- (4) Die Departementshoof se besluit moet binne 14 dae na ontvangs van die skool se aansoek aan die skool bekend gemaak word.
- (5) Die skoolkiesbeampte moet voor die verkiesingsdag toesien dat —
 - (a) die skool die Departementshoof se toestemming het om 'n voldagverkiezing te hou;
 - (b) daar 'n program is vir die verkiesingsdag;
 - (c) alle benoemdes hulle profiele aan die skool voorsien het en dat die profiele gereed is om buite die stemstasie aangebring te word;
 - (d) die sluitingstyd waarnemers en die verkiesingspan genoeg tyd sal gun om na hulle onderskeie bestemmings terug te keer; en
 - (e) die skool teen sluitingstyd iemand by die stemstasie beskikbaar sal hê om alle dokumente wat vir die verkiesing gebruik is veilig te bewaar.

Benoemings vir die voldagverkiezing

- 21.(1) Waar 'n skool die Departementshoof se toestemming ontvang het om 'n voldagverkiezing te hou, moet die volgende benoemingsproses gevolg word —
 - (a) Die skoolhoof moet kennisgewings van die benoemingsvergadering opstel en die datum, plek en tyd van die benoemingsvergadering daarin aandui.
 - (b) Die kennisgewing van die benoemingsvergadering vir ouers behoort ten minste 21 dae voor die datum van die voldagverkiezing op opvallende plekke by die skool en in die gemeenskap versprei en vertoon te word.
- (2) Die skoolhoof moet 'n kombinasie van die volgende metodes probeer gebruik om te sorg dat die kennisgewing van die benoemingsvergadering vir 'n voldagverkiezing onder die skoolgemeenskap se aandag gebring word —
 - (a) Oorhandig ten minste 21 dae voor die voorgestelde voldagverkiezing 'n gedrukte afskrif van die kennisgewing van die benoemingsvergadering en die benoemingsvorm aan elke leerder met 'n mondelinge opdrag om die kennisgewing en vorm aan hulle ouers te gee.
 - (b) 'n Afskrif van die kennisgewing en die benoemingsvorm moet ten minste 21 dae voor die datum van die voldagverkiezing aan die ouers van elke leerder gepos word.
 - (c) Versprei die kennisgewing en benoemingsvorm op enige manier wat die skool gewoonlik gebruik om te kommunikeer, wat kan insluit WhatsApp-boodskappe, D6 Communicator of D6 Connect, met dien verstande dat die metode wat gebruik word geen lede van die skoolgemeenskap sal benadeel nie.
- (3) Waar dit moontlik is, moet die kennisgewing en benoemingsvorm in die skool se onderrigtaal en in die leerders se huistaal wees om maksimum deelname deur alle ouers te verseker.
- (4) Die kennisgewing moet die ouers inlig dat die benoemingsvorm 14 dae voor die benoemingsvergadering deur die kandidaat, die voorsteller en die sekondant voltooi en onderteken en by die skool ingedien moet word, en dat die vorm die profiel in subklousule (7) moet insluit.
- (5) Die skoolkiesbeampte moet gedurende die benoemingsvergadering aan die bepalings oor die kworum en die benoemingsproses in onderskeidelik klousule 13 en 14 voldoen.
- (6) 'n Kandidaat kan slegs deur 'n persoon in dieselfde verteenwoordigende ledekategorie as die kandidaat benoem en gesekondeer word.
- (7) Die skoolkiesbeampte moet sorg dat enige persoon wat geskik en bereid is om benoem te word, beskikbaar is om aan die benoemingsproses deel te neem, en enige sodanige persoon moet 'n profiel indien met —
 - (a) sy of haar naam en van;
 - (b) die name en grade van sy of haar kinders by die skool;
 - (c) sy of haar beroep;
 - (d) ervaring of vaardighede;
 - (e) 'n verklaring wat aandui dat hy of sy ooreenkomstig klousule 4 daarvoor in aanmerking kom om 'n lid van die beheerliggaam te wees; en
 - (f) 'n kort verklaring wat verduidelik watter waarde hy of sy tot die skool kan toevoeg.

- (8) Die skoolkiesbeampte moet by die benoemingsvergadering profiele van alle benoemdes aanvaar.
- (9) Die skoolkiesbeampte moet ná die benoemingsproses alle benoemings oorweeg en die benoeming verwerp van enige kandidaat —
 - (a) wie se benoeming nie gesekondeer is nie;
 - (b) wat nie geskik is vir verkiesing nie;
 - (c) wat nie die benoemingsvorm en profiel volgens voorskrif voltooi en ingedien het nie; en
 - (d) wat nie aangedui het dat hy of sy bereid is om in die beheerliggaam te dien nie.
- (10) Indien die totale getal benoemdes minder is as die getal vereiste beheerliggaamlede moet 'n kennisgewing aan ouers gestuur en verdere benoemings aangevra word.
- (11) Indien die getal benoemdes gelyk is aan die getal vereiste beheerliggaamlede moet die skoolkiesbeampte ál die benoemdes tot behoorlik verkose lede verklaar en aankondig dat 'n verkiesingsdag nie meer nodig is nie.
- (12) Die skoolhoof moet ouers binne sewe dae na die benoemingsproses skriftelik van die uitslag van die benoemingsvergadering in subklousule (10) in kennis stel en hulle inlig dat 'n verkiesingsdag nie meer nodig is nie.
- (13) 'n Voldagverkiesing moet plaasvind indien die getal benoemdes die getal vereiste beheerliggaamlede oorskry, en die skoolhoof moet die ouers skriftelik voorsien van die name en die profiele van die kandidate wie se benoemings aanvaar is.
- (14) 'n Voldagverkiesing maak van geheime stemming gebruik.
- (15) Die skoolhoof moet die profiele van die benoemdes by die lokaal van die voldagverkiesing vertoon.
- (16) Niemand mag die benoemingsproses so probeer reël dat slegs die vereiste getal lede benoem word om sodoende die verkiesingsproses te vermy nie, en enige sodanige optrede sal beskou word as 'n verkiesingsongerymdheid soos wat klousule 29 beoog.

Stemming in die voldagverkiesing

- 22.(1) 'n Kennisgewing van die voldagverkiesing moet 14 dae na die benoemingsvergadering aan ouers gestuur word.
- (2) 'n Voldagverkiesing maak van geheime stemming gebruik, en die volgende stemproses is van toepassing:
 - (a) Die name van alle stemgeregtigde kiesers wat op die kieserslys verskyn, word op die kieserslys gesoek en afgemerk.
 - (b) Kiesers wat spesiale aandag vereis, waaronder bejaardes, persone met gestremdhede en swanger vroue, word bygestaan sonder om ander kiesers te benadeel.
 - (c) Kiesers wie se name nie op die kieserslys vir daardie skool verskyn nie, sal nie mag stem nie.
 - (d) Alle stemintegriteitskontroles word uitgevoer vir elke stemgeregtigde kieser wat die stemlokaal besoek.
 - (e) Kiesers wat enige van die stemintegriteitskontroles druipe, sal nie mag stem nie.
 - (f) Alle kiesers word van die korrekte stembriewe voorsien.
 - (g) Versoeke vir bystand deur kiesers wat om watter rede ook al nie hulle stem op die stembriewe kan aandui nie, word flink hanteer.
 - (h) Die verkiesingsproses word gemoniteer op 'n manier wat voldoende inligting vir rekordhouding voorsien en tydigte intervensies moontlik maak indien dit nodig is.
 - (i) Besware deur kiesers word aangeteken en ooreenkomstig die geskilbeslegtingsproses hanteer.
 - (j) Interaksie met kiesers, personeel en enige ander rolspelers is inklusief en onpartydig, respekteer menswaardigheid en bevorder verdraagsaamheid.
 - (k) Moontlike of werklike probleme word geïdentifiseer en ontleed wat betref die moontlike impak op die verkiesingsproses en moontlike oplossings.
 - (l) Die kiesbeampte probeer probleme hanteer op 'n manier wat die vlot verloop van die verkiesing bevorder, die beginsel van vrye en regverdige verkiesings handhaaf, en sorg dat niemand van hulle stemreg ontnem word nie.
 - (m) Die stemproses en -prosedures is oop vir waarnemers wat behoorlik deur ouers benoem is, welke waarnemers die proses moet moniteer sonder om met die verkiesing in te meng.

- (3) Die skoolkiesbeampte kan improviseer indien daar geen amptelike stembus bestaan nie. Die stembus wat gebruik word, moet verseël word nadat waarnemers bevestig het dat dit leeg is.

Kworum vir 'n Voldagverkiesing

- 23.(1) Die skoolkiesbeampte moet op die tyd vir die aanvang en sluiting van stemming besluit en hierdie tye in die kennisgewing aan ouers aandui.
- (2) Die skoolkiesbeampte moet sorg dat die ingevulde stembriewe aan die vereiste kworum van 15% voldoen voordat die telproses kan begin.
- (3) Indien die vereiste kworum van 15% van stemgeregtigde kiesers nie aan die verkiesing deelgeneem het nie, mag die tel van stemme nie begin nie en —
- (a) moet die skoolhoof op 'n ander datum vir die voldagverkiesing besluit; en
- (b) moet sodanige datum binne sewe dae na die datum van die eerste voldagverkiesing aan die ouergemeenskap gekommunikeer word.
- (4) Die skriftelike benoemings wat voor die eerste, verdaagde voldagverkiesing ontvang is, sal saam met enige verdere skriftelike benoemings by die tweede, herskeduleerde voldagverkiesing oorweeg word.
- (5) Die tweede voldagverkiesing moet binne 14 dae na die datum van die eerste, verdaagde verkiesing gehou word.
- (6) Ná die tweede voldagverkiesing moet die tel van stemme begin sodra stemming gesluit het, ongeag of daar aan die kworumvereistes voldoen is of nie.

Tel van Stembriewe

- 24.(1) Die skoolkiesbeampte moet ná die verkiesing toesien dat —
- (a) die telproses oop is vir waarnemers en kandidate;
- (b) alle besware teen die telproses akkuraat aangeteken word;
- (c) die naam van elke kandidaat en die getal stemme wat vir elke kandidaat uitgebring is hardop aan die waarnemers uitgelees word;
- (d) die vorm wat die getelde stembriewe aandui, voltooi word; en
- (e) die blad met uitslae onderteken word.
- (2) Die skoolkiesbeampte moet 'n stembrief verwerp —
- (a) wat nie die skoolstempel of ander onderskeidende kenmerk bevat nie;
- (b) wat meer kruise (x) op het as die getal vakatures in die beheerliggaam;
- (c) wat die naam bevat van 'n persoon of persone wat nie benoem is nie; of
- (d) wat so voltooi is dat dit onduidelik is vir watter benoemde(s) 'n stem uitgebring is.
- (3) Waar die getal stemme vir twee of meer kandidate gelyk is en dít die uitslag van die verkiesing beïnvloed, moet die skoolkiesbeampte die wenner bepaal deur 'n munt op te skiet, en —
- (a) moet die kandidate gevra word om tussen kruis en munt te kies;
- (b) is die kandidaat wat reg kies die wenner; en
- (c) moet hierdie uitklopproses openlik en met die instemming van die aanwesige kandidate gevolg word.
- (4) Waar die skoolkiesbeampte ooreenkomstig subklousule (2) 'n stembrief verwerp, moet die beampte 'n verduideliking bied aan alle aanwesige kandidate en moet hy of sy die kandidate 'n geleentheid gun om die verwerpte stembrief na te gaan indien hulle wil.
- (5) Enige aanwesige kandidaat kan teen die skoolkiesbeampte se besluit in die tel- of verwerpingsproses beswaar maak, hoewel die finale besluit by die skoolkiesbeampte berus.
- (6) Die skoolkiesbeampte moet 'n rekord van sodanige beswaar agterop die betwiste stembrief aanteken en dit in die verkiesingsverslag weergee.
- (7) In geval van 'n geskil wat die kiesbeampte nié kan besleg nie, moet die geskilproses in klousule 29 gevolg word.
- (8) Die skoolkiesbeampte moet —

- (a) die uitslae aan die aanwesige kandidate en waarnemers bekend maak;
 - (b) die kandidate wat die meeste stemme ontvang het tot verkose lede van die beheerliggaam verklaar; en
 - (c) die suksesvolle kandidate amptelik van hulle verkiesing in die beheerliggaam in kennis stel.
- (9) Die skoolkiesbeampte moet alle dokumente met betrekking tot die verkiesingsproses duidelik merk, en moet —
- (a) die verkiesingsdatum daarop aandui; en
 - (b) 'n rekord van die dokumente vir ten minste die duur van die beheerliggaam se ampstermyn by die skool bewaar.

E-STEMMING

25. E-verkiesingsproses

- (1) Die skoolhoof moet ten minste 21 dae voor die verkiesing by die Departementshoof aansoek doen om 'n e-stemstelsel vir die verkiesing te gebruik.
- (2) Die aansoek moet ten volle gemotiveer wees, en tersaaklike dokumentêre bewys ter staving van die aansoek moet aan die Departementshoof voorsien word.
- (3) Die Departementshoof sal die aansoek slegs oorweeg indien hy of sy daarvan oortuig is dat —
 - (a) 'n opname by die skool onderneem is en die meerderheid van die kiesers op die kieserslys bevestig het dat hulle te vinde is vir 'n verkiesing met behulp van die e-stemproses;
 - (b) die skool oor die nodige infrastruktuur beskik om ouers by te staan wat nie oor die middele beskik om aan die e-stemproses deel te neem nie;
 - (c) daar voorsiening gemaak is vir ouers wat bystand met die proses vereis;
 - (d) geen ouer benadeel sal word indien die e-stemproses gebruik word nie;
 - (e) die skoolverkiesingspan oor die vermoë beskik om die e-stemproses te hanteer;
 - (f) die skool 'n stelsel gebruik wat die inligting sal beskerm en onmiddellik sal stoor sodra stemme uitgebring word; en
 - (g) alle betrokkenes by die e-stemproses die voorskrifte van POPIA sal nakom.

26. Bedryfsvereistes vir E-Stemming

- (1) Die benoeming van lede moet geskied ooreenkomstig die benoemingsprosedure vir 'n voldagverkiesing wat in hierdie kennisgewing uiteengesit word. Benoemings moet elektronies op die CNS ingedien word.
- (2) Die skoolkiesbeampte moet 'n e-stemstasie inrig waar e-stemming kan plaasvind.
- (3) E-stemming en e-afstandstemming moet geskied op die datum, tyd en plek wat die skoolkiesbeampte bepaal.
- (4) Die skoolhoof moet ten minste 14 dae voor die datum van die e-verkiesing —
 - (a) die kiesers in duidelike en eenvoudige taal in kennis stel van die manier waarop die e-verkiesing sal plaasvind en van enige stappe wat kiesers dalk moet doen om deel te neem en te stem; en
 - (b) 'n amptelike lys voorsien van die sagteware wat vir die e-verkiesing gebruik sal word, sowel as 'n kort beskrywing daarvan.
- (5) E-afstandstemming mag nie voor die opening van die e-stemstasie by die skool begin nie en mag ook nie voortduur nadat die stemtydperk by die e-stemstasie gesluit het nie.
- (6) Voordat enige e-stemming plaasvind, moet die skoolkiesbeampte hom of haar daarvan oortuig dat die e-stemstelsel doeltreffend en reg werk en dat die nodige veiligheidsmaatreëls waarna hierdie kennisgewing verwys, getref is.
- (7) Hulp en bystand met stemprosedures moet vir elke e-stemkanaal geskep en aan kiesers beskikbaar gestel word. In geval van e-afstandstemming moet sodanige reëlings ook deur 'n ander, algemeen toeganklike kommunikasiekanaal beskikbaar wees.
- (8) Die skoolkiesbeampte moet sorg dat alle kiesers —
 - (a) die tersaaklike sagteware en dienste kan gebruik; en
 - (b) van bykomende fasiliteite, soos spesiale koppelvlakke en persoonlike bystand, voorsien word.

- (9) Alle stemopsies moet op 'n gelyke manier aangebied word op die toestel wat vir die uitbring van elektroniese stemme gebruik word.
- (10) 'n Lys van die benoemdes moet voorsien word, met vermelding van elke benoemde se —
- naam;
 - kind se naam en graad;
 - beroep, ervaring en vaardighede; en
 - visie vir die skool.
- (11) Die skoolkiesbeampte moet sorg dat die e-stemstelsel 'n outentieke stembrief aan die kieser voorsien. In geval van e-afstandstemming moet kiesers in kennis gestel word van die metode om te verifieer dat 'n verbinding met die amptelike bediener bewerkstellig en 'n outentieke stembrief voorsien is.

27. Tegniese vereistes vir die e-Stemstelsel

- Die diensverskaffer moet 'n wolkgebaseerde stelsel voorsien.
- Om die demokratiese proses van die verkiesing te verseker, moet alle kiesers die kieserkoppelvlakke van e-stemstelsels kan gebruik en verstaan.
- Die e-stemstelsel moet verifieer dat die kieser stemgeregtig is voordat 'n stem uitgebring kan word.
- Die e-stemstelsel moet elke kieser staaf, en sorg dat slegs die toepaslike getal stemme per kieser uitgebring en in die elektroniese stembus gestoor word.
- Die e-stemstelsel moet sorg dat kiesers se keuse akkuraat weergegee en die verseëelde stem in die elektroniese stembus geplaas word.
- Die e-stemstelsel moet —
 - die beskikbaarheid en integriteit van stemme handhaaf;
 - die vertroulikheid van stemme verseker; en
 - stemme tot en met die telproses verseël hou.
- Geen kieser mag ná die sluiting van die e-stemtydperk meer toegang tot die e-stemstelsel verkry nie.
- Die e-stemstelsel moet maatreëls insluit om die beskikbaarheid van stelseldienste gedurende die e-stemproses te verseker.
- Die stelsel moet op verskillende platforms en toestelle soos skootrekenaars, tabletrekenaars en slimfone kan werk.
- Die skoolkiesbeampte moet ten minste een persoon op grond van kundigheid aanstel wat —
 - sal toegang hê tot die sentrale infrastruktuur van die elektroniese platform en die verkiesingsdata; en
 - buite die verkiesingstydperke belangrike tegniese aktiwiteite sal uitvoer.
- Die stelsel wat gebruik word, moet —
 - akkuraat wees;
 - uitslae kan bereken en voorsien sodra die verkiesingstyd verstreke is;
 - oor alle beskikbare wigte en teenwigte beskik om die egtheid van uitslae te staaf;
 - die beskikbaarheid en integriteit van die elektroniese stembus en die uitslag van die telproses vir die duur van die skoolbeheerliggaam se ampstermyn verseker; en
 - kan verifieer dat 'n e-verkiesing aan die tersaaklike wetsvoorskrifte voldoen het sodat daar bevestig kan word dat die resultate 'n akkurate weergawe van die outentieke stemme is.

Toepaslikheid van hierdie kennisgewing

28. Tensy hierdie kennisgewing spesifiek anders bepaal, is alle ander voorskrifte met betrekking tot die verkiesingsvergadering van beheerliggame eweneens van toepassing op skole wat besluit om 'n voldagverkiesing te hou of 'n e-stemproses te gebruik.

Geskilbeslegting

- 29.(1) Die skoolkiesbeampte moet alle kwessies ten opsigte van die benoeming en verkiesing van kandidate in alle kategorieë beslis.
- (2) Alle geskille ten opsigte van die verkiesingsproses moet by die skoolkiesbeampte aangemeld word.
 - (3) Die skoolkiesbeampte moet alle geskille op 'n billike en regverdige manier probeer besleg.
 - (4) Die besluit wat gedurende die verkiesing geneem word, is finaal.
 - (5) 'n Kieser of persoon wat as 'n kandidaat in 'n beheerliggaamverkiesing gestaan het en wat ontevrede is met die skoolkiesbeampte se besluit kan binne sewe dae na die verkiesingsvergadering 'n skriftelike grief by die distrikskiesbeampte indien.
 - (6)
 - (a) Indien 'n kieser of persoon wat as 'n kandidaat in die beheerliggaamverkiesing gestaan het oor enige kennis of inligting van enige verkiesingsongerymdhede beskik, kan hy of sy die distrikskiesbeampte binne sewe dae na die verkiesing skriftelik van die ongerymdhede in kennis stel.
 - (b) Indien enige klagte buite die tydperk van sewe dae dog binne 90 dae na die verkiesing ingedien word, moet die distrikskiesbeampte die klagte ondersoek en gepaste stappe doen.
 - (c) Enige klagte wat ná die 90 dae ontvang word, sal slegs in opdrag van die Departementshoof deur die distriksdirekteur ondersoek en hanteer word.
 - (7) By ontvangs van die klagte, grief of inligting oor ongerymdhede moet die distrikskiesbeampte die adjunk- of assistentdistrikskiesbeampte aanstel om binne 14 dae 'n ondersoek te onderneem en 'n aanbeveling by hom of haar te doen.
 - (8) Die distrikskiesbeampte kan ná sodanige ondersoek 'n verkiesing ongeldig verklaar en 'n nuwe verkiesing uitroep indien hy of sy daarvan oortuig is dat —
 - (a) die voorgeskrewe prosedures nie gevolg is nie; of
 - (b) daar gedurende die verkiesingsproses ongerymdhede plaasgevind het; en
 - (c) die uitslag van die verkiesing anders sou gewees het indien die ongerymdhede nie plaasgevind het nie of die voorgeskrewe prosedures gevolg is.
 - (9) Indien die distrikskiesbeampte ingevolge subklousule (8) optree, moet hy of sy 'n aanbeveling by die Departementshoof doen om toepaslik gekwalifiseerde persone aan te stel om na die beheer van die skool om te sien terwyl die proses vir die nuwe verkiesing sy gang gaan.
 - (10) Indien enige kieser of persoon wat as 'n kandidaat in die beheerliggaamverkiesing gestaan het ontevrede is met die distrikskiesbeampte se besluit kan hy of sy binne 14 dae na ontvangs van die distrikskiesbeampte se besluit by die Departementshoof daarteen appelleer.
 - (11) Die Departementshoof moet —
 - (a) die appèl binne sewe dae ná ontvangs daarvan na die provinsiale kiesbeampte verwys;
 - (b) die provinsiale kiesbeampte versoek om binne 14 dae nadat die appèl na die provinsiale kiesbeampte verwys is 'n ondersoek te doen en 'n verslag met aanbevelings op te stel;
 - (c) die aanbevelings in die verslag waarna subklousule (11)(b) verwys, oorweeg; en
 - (d) binne 14 dae na ontvangs van die verslag van die provinsiale kiesbeampte 'n besluit neem en dit skriftelik aan die appellant en die distrikskiesbeampte bekend maak.
 - (12) Die Departementshoof se besluit word as finaal beskou.

Prosedure ná Verkiesing

30. (1) Ná die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam moet die skoolhoof —
- (a) elke verkose lid binne sewe dae na die verkiesingsvergadering skriftelik van sy of haar verkiesing in kennis stel, welke kennisgewing per WhatsApp, faks, gewone pos of e-pos gestuur of met die hand afgelewer moet word;
